AFKONDIGINGS 2019

h.v. Judith- en Leastraat, Waterkloof Glen, Pretoria
Tel: 012 993 5437 • e-posadres: info@oosterlig.co.za • www.oosterlig.co.za

Ons wil toesien dat almal na Christus toe kom net soos hulle is, getransformeer word en 'n verskil maak in die wêreld

Sondag, 19 Mei - Geen Kategese

09:00 Van Wyk Fischer

Hoof-Ouditorium
17:30 Van Wyk Fischer

Sondag, 26 Mei - Pinkster
Kry styl
08:15 Stephan Joubert
10:00 Stephan Joubert

Hoof-Ouditorium
17:30 Stephan Joubert

OUERSKAP-PRAATJIE OM 08:15

Gielie Hoffmann help toppresteerders om geestelik voorbereid te wees vir die eise wat aan hulle gestel word, hetsy op die sportveld of in die korporatiewe omgewing en op Sondag, **9 Junie** kom gesels hy met ons. Hy het Sielkunde aan Tuks studeer en kliënte sluit in: Tennis Suid-Afrika, die Blou Bulle, SAOU, ATKV, Maties en Kovsies. Tussendeur skryf hy 'n rubriek vir Beeld waar hy kyk na Suid-Afrika vandag; sy eerste boek #GeenFilter verskyn later vanjaar.Die praatjie word gratis aangebied in die Oranjesaal - Caritas-gebou. Bespreek by cristelle@oosterlig.co.za

PRETORIA-oosterlig

Bly op hoogte

Besoek ons by:

www.oosterlig.co.za

Pretoria-Oosterlig

oosterlig

www.oosterlig.co.za

BID SAAM

- Sjoerd Algera (Gerda – 082 449 2577) is ernstig siek en ontvang behandeling
- Charmaine Prinsloo (Kobus – 082 820 9392) word beter, maar ontvang steeds behandeling
- Susan de Wet (Marnistraat 390) sterk aan in 'n versorgingseenheid na 'n heup-operasie
- Verna le Roux is ernstig siek in Midstream Hospitaal en ontvang behandeling.

NET SOOS JY IS

DIE "TIEN GEBOOIE" VIR SUID-AFRIKA

1. Ek hou vandag op om myself of my eie etniese groep as 'n verontregte slagoffer te sien en oefen myself eerder om te ontwikkel in 'n sterker mens wat swaar storms saam met die Here kan trotseer.
2. Ek aanvaar die ganse lewe in SA soos dit is en nie soos wat ek dit graag wil hê nie. Dit gaan immers nie oor my nie.
3. Ek sal nie my ore uitleen aan bedrieglike profete wat vals hoop saai nie. Hoop is belangrik, maar die ontnugtering van vals hoop is dodelik. Vra vir Jeremia (Jer 29:8-9).
4. Ek weier om enige besluite te neem gegrond op negatiewe emosies soos vrees of woede.
5. Ek sal enige onreg wat my aangedoen word die hoof bied deur nie bitter te raak nie, maar eerder poog om te vergewe asook genesende, hoopvolle aksies en verhoudinge te inisieer.
6. My lewensvreugde sal nie afhang daarvan of eksterne omstandighede in SA verander of nie, maar primêr van my verhouding met God. Ek sal dus bid en hoop vir goeie weer maar myself oefen om gereed te wees vir reën en storms.
7. Ek weier dat die nuus op TV, asook populêre en publieke opinie my emosies en sienings bepaal en sal eerder proaktief nuwe Jesus-oë ontwikkel van buitengewone genade, geloof, hoop en liefde vir Suid-Afrika en vir álle mede-Suid-Afrikaners.
8. Ek sien al die kultuurgroepe in SA as 'n Godgegewe verskeidenheid, wat ons bestaan kan verryk indien ons dit omhels.
9. Ek sal intensioneel brûe bou tussen mense van alle rasse in SA deur mede-Suid-Afrikaners van kleur ook te bevriend en by hulle te leer.
10. Ek sal intensioneel poog om intelligensie te ontwikkel vir ander kulture in SA, hulle te leer ken en verstaan, totdat die liefde van Jesus sigbaar word vir almal.

En ek sal onthou dat Jesus gesê het:
Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.

WORD GETRANSFORMEER

MAAK 'N VERSKIL

Maandelikse Bydrae
Bankbesonderhede:
NG Gemeente Pretoria-Oosterlig
ABSA-tjekrekening: 540 590 400
Takkode: 632005

Alle Boufondsdonasies
ABSA-Geldmarkfonds: 920 468 7304
Takkode: 632005
Verwysing: Naam en Van

Snap here to pay
SnapScan

SNAPSCAN
Eredienskollekte